

Tema: Mense wie se sondeskuld vergewe is, kan nie anders as om onvoorwaardelik lief te hê nie

Skriflesing: Lukas 7 vers 36 tot 50

In die gelese Skrifgedeelte kry ons 3 karakters. Kom ons gaan kyk na hulle en ons kyk of ons iets van hulle, positief of negatief, in onself herken. Daar is interessante ooreenkomste tussen hierdie verhaal en dié van die verlore seun.

Die eerste karakter is 'n sondige vrou. Sy besef haar afhanklikheid van die Here. Ons sien in haar baie van die jongste seun in die gelykenis van die verlore seun.

Sy besef die omvang van haar sonde en dat sy dringend die Here nodig het. Sy besef ook haar afhanklikheid van die Here. Haar skuld, wat sy nie kon betaal nie, het Hy kom betaal.

Dit is vir haar genoeg om net by Sy voete te bly. Sy huil oor haar stukkende lewe en droog haar trane wat op Sy voete val met haar hare af. Sy soen en salf Sy voete met kosbare olie.

Sy hou niks terug nie. Sy bewys onvoorwaardelike liefde aan Jesus. Sy dien vrygewig en oorvloedig.

Ons word, deur haar lewe, opgeroep om ook so in afhanklikheid van die Here te leef. Buig voor Hom en pleit om vergifnis. Maak nie saak hoeveel sonde jy het nie, die Here vergewe jou sodat jy sondevry kan gaan leef.

Die tweede karakter is Simon, die Fariseër en sy vriende. Hy is hooghartig. Ons sien in hom iets van die tweede verlore seun.

Fariseërs behoort aan 'n Joodse godsdienstige party wat gekenmerk is deur nougesette gehoorsaamheid aan alle godsdienstige wetsvoorskrifte en die navolging van voorvaderlike tradisies genoem die: "oorgelewerde gebruike van die voorgeslagte."

Hulle het gedink dat hulle verhouding met God is reg omdat hulle die wet en voorvaderlike tradisies stiptelik gehou het. Hulle kon al die blokkies afmerk wat hulle gedink het belangrik is. Christus sou, volgens hulle, uit die geslag van Dawid kom en die koning van 'n vrye en soewereine volk Israel wees. En nou voldoen Hy glad nie aan hierdie tweede vereiste wat hulle aan die Messias stel nie. Om die minste daarvan te sê, Hy stel hulle teleur.

Simon nooi Jesus om by hom te kom kuier. Hy staan in 'n formele verhouding met Jesus. Hy dink waarskynlik nie dat Jesus is wie Hy sê hy is nie. Simon is te belangrik vir Jesus. Hy ontvang hom nie met die gebruikelike vriendelikheid en gasvryheid waarmee besoekers ontvang is nie. Hy soen nie vir Jesus nie, was nie Sy voete nie en drup geen olie op Sy hoof nie.

Waarskynlik het hy Jesus genooi om saam met sy vriende te kuier sodat hulle Hom strikvrage kon vra. Sommer gou wonder hulle of Jesus 'n profeet is, want dan sal Hy tog weet wie die vrou is wat hier by Sy voete staan. Later wonder hulle wie Jesus is dat Hy sondes vergewe?

Die Fariseërs bly op 'n afstand van ander mense. Hulle het gedink hulle is beter as hulle. Om net te raak aan hierdie "sondaars", sou hulle onrein maak. Die Fariseërs het mense soos prostitute en bedelaars nog verder afgebreek.

Jesus vertel vir Simon en sy vriende die gelykenis wat ons kry in Luk 7:41-43:

⁴¹Jesus sê toe: "Twee mense was in die skuld by 'n geldskietter. Die een het vyf honderd rand geskuld en die ander een vyftig. ⁴²Omdat hulle niks gehad het om mee te betaal nie, het hy die skuld vir albei kwytgeskeld. Wie van hulle sal hom die meeste liefde bewys?"

⁴³Simon antwoord: "Ek veronderstel dié een vir wie hy die meeste kwytgeskeld het." "Jou antwoord is heeltemal reg," sê Jesus,"

By Jesus vind ons onvoorwaardelike liefde en vergifnis. Hy is soos die pa in die gelykenis van die verlore seun. Hy ontvang mense met ope arms.

Jesus is radikaal. Hy steur Hom nie aan mensgemaakte wette en reëls nie. Dit gaan vir Hom oor mense. Dit gaan vir Hom oor die redding en verlossing van mense. Vir Jesus is agter nou die nuwe voor, bo die nuwe onder, laaste die nuwe eerste, klein die nuwe groot, swak die nuwe sterk, verloor die nuwe wen, weggee die nuwe manier van ryk word, sterf aan jouself die nuwe manier van leef, dien die nuwe leierskap.

Jesus weet alles van ons. Hy weet wat in ons harte aangaan. Die Fariseër "sê by homself" en tog weet Jesus alles wat hy sê. Daarom vertel Jesus die gelykenis.

Ten spyte daarvan dat Hy alles van ons weet het Jesus alle mense lief. Hy het ons lief nie vir wat ons vir Hom kan beteken nie. Hy het ons lief vir wat Hy vir ons kan beteken. Hy bou mense. Hy eet saam met Simon en sy vriende. Sy hart gaan uit na die sondige vrou.

En Hy vergewe haar onvoorwaardelik. Jesus praat met die vrou net 3 sinne: "Jou sonde is vergewe. Jou geloof het jou gered. Gaan in vrede." Daarmee is haar verhouding met Jesus herstel.

Ek sluit af met 'n getuigenis van iets wat Vrydag gebeur het. Elke Vrydag het ons personeel biduur. Toe ek Vrydag in die biduur instap, sit daar 'n bedelaarseun. Hy het die nag op die trappies van die kerkgebou geslaap. Die skriba het hom laat inkom en vir hom pap en koffie gegee. Hierdie seun praat nie met ons nie, maar hy word deel van die biduur groepie. En ek besef dat dit die eerste keer in my lewe is dat ek saam met 'n bedelaar bid.

Ons kan so maklik die regte dinge praat en preek. Maar leef ons dit?

Ons is nie beter as ander mense nie. Deur die genade van die Here is ons dalk anders as hulle wat Hom nie ken en dien nie. Ons elkeen se groot sondeskuld is deur God vergewe. Daarom kan ons nie anders as om Hom en ander mense ook onvoorwaardelik lief te hê nie.

Amen